LUISTERGROEP VIR MENSE WAT DEUR DEPRESSIE GEAFFEKTEER WORD.

Hierdie groep is beide ‘n luister- en ondersteuningsgroep. Ons wil graag ruimte skep waar mense veilig en gemaklik voel om hul stories en ervaring met mekaar te deel.
Ons beoog om aanvanklik tweeweekliks bymekaar te kom. Ons beoog om in die derde week van Mei 2018 weg te spring.
Wanneer jy kontak maak en aandui dat jy belangstel om in te skakel, moet jy asseblief aandui watter tyd van die dag so ‘n groepbyeenkoms jou sal pas. En op grond van hierdie terugvoer sal ons finale reëlings tref en aan almal deurgee.
Die groep word gefasiliteer deur
Anita Hattingh, Joanne Momsen en dr. Chris Malan.
Skakel gerus met Anita (071 677 0904), Joanne (082 797 8622), of dr. Chris (0721987279).

GEBEDFOKUS

Ds. Theuns Henn van die Ebenezer Teologiese Seminarie is betrokke by die opleiding van 15 sleutelleiers in Zimbabwe. Hy gaan nou daar besoek aflê. Kom ons bid vir vrug op die besoek en almal se veiligheid en gesondheid. Bid dat die Here se naam grootgemaak sal word deur die projek.

Ons bid vir ‘n geseënde basaar. Ons sê dankie vir almal wat met soveel ywer hard werk.

Ons bid vir mense wat swaarkry weens siekte, finansiële probleme, verhoudingsprobleme.

Ons bid vir ‘n gesindheid van liefde en versoening in ons gemeenskap en vir wysheid, verantwoordelikheid, diensbaarheid en onderskeiding vir gemeenskapsleiers.

Ons bid dat ons deur die opstandingskrag van Jesus ‘n oorwinningslewe tot Sy eer sal lewe.

Om te belowe om vir iemand te bid, is ‘n belofte wat jy voor God maak - Andrew Murray

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:
S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

1 April 2018

Welkom by die Erediens

Opstandingsondag

09:00 Erediens: Hangklip - Ds. Daan Botha

09:30 Erediens: Kleinmond - Dr. Chris Malan

Deurkollekte: Plaaslike Getuienis

Eredienste Sondag 8 April 2018

09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kleinmond
Deuroffer **Fynbos Seniorsentrum**

DS. STEVEN SPAN UIT

Ds. Steven is met verlof tot môre. Indien u ’n leraar benodig, kan dr. Chris gebel word (028 271 3913)

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

ONS GEE OM

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Johan Smal: HK1 (☎3427),
Piet Barnard: HK2 (☎5405), Johan Naudé: BB5 (☎9955),
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Lida Fourie: Bb1,
Elma Hagen: Bb2 (☎5503), May Neethling: Bb4 (☎5791),
Tienie Geldenhuys: Sa4 (☎4814), Susan Grobler: Sb4 (☎3361),
Schalk Fourie: KB1.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .
Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.
In die besonder baie geluk aan Tienie Geldenhuys van wyk Sa4 wat vandag verjaar:

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Maandag	Kerkkantoor gesluit weens vakansiedag
Donderdag	Senior Burgers vergader
Saterdag	Kerkbasaar

DEMENSIE ONDERSTEUNINGSGROEP

Op 19 April (10:00 by Kogelpark) kom Emergency Medical Rescue (EMR) ons besoek. Almal welkom. Bel Madeleine 082 434 7377.

BASAARSAMEROEPERS

Die tafels sal Vrydagoggend gereed wees indien julle wil gaan kyk na jul tafel se opset in die saal.

TEETUIN

Ons soek nog hulp by die basaar! Enige persoon wat wil help met die bedien van koek by die teetuin, kan Elsabé Smit bel (☎028 271 5600).

Basaar in Kleinmond

Volgende Saterdag, **7 April,** hou die Kleinmond-deel van die gemeente vanaf 09:00 basaar by die nuwe skoolsaal van die laerskool.

Opening

Die amptelike opening is 09:00. Die saal se deure gaan eers nege-uur oopgemaak word. GEEN verkope sal vooraf gedoen word nie. Ook die manstent verkoop eers van 9 uur Saterdag af. Geen verkope die Vrydag nie. Lidmate wat werk moet ‘n aflos reël sodat hulle gou iets kan gaan koop.
Koffie of tee en ‘n soutigheid sal wel van 08:00 af beskikbaar wees.

Aflewering

Alle produkte kan Vrydagmiddag tussen 16:00 en 17:30 by die laerskool afgelewer word of 08:00 Saterdag.

Manstafel

Bring asseblief eie houers vir aankope.

Veiling

Om 10 uur is daar ‘n veiling: onder andere ‘n vis-roker, ‘n elektriese saag en skilderye.

Poedingtafel

Die poedingtafel vra dat lidmate asseblief roomyshouers wat nie gebruik word nie, by die kerkkantoor sal afgee.